SAT-7 NUUS

SAT-7 SA Nuusbrief—Maart 2018

OOP KAARTE OOR DIT WAT CHRISTENE VERDEEL

SAT-7 ARABIES vervaardig tans 'n nuwe baanbrekers gespreksprogram wat die eenheid van Christene in hul diversiteit wil demonstreer.

Deur leiers uit verskillende denominasies byeen te bring om die gemeenskaplike geloofsoortuigings wat hulle deel, met mekaar te kommunikeer, wil *Cross Over* die kykers aanmoedig om mekaar te aanvaar en lief te hê, ten spyte van hul verskille.

In elke 55-minuut-episode neem 'n Protestantse predikant en 'n kerkleier uit 'n Katolieke of Ortodokse agtergrond deel aan die gesprek. Gelei deur die aanbieder, Said Melki, verken die sprekers die punte van ooreenstemming tussen hul kerktradisies, asook dié wat gevind word in wyer onderwerpe waarin hulle verskil. In een episode van die 13 episode reeks sal die gesprek 'n leier van die meerderheidsgodsdiens insluit.

SOEK OOREENKOMSTE

Melki hoop dat die reeks sal meewerk om hindernisse tussen lede van uiteenlopende denominasies af te breek, aangesien sommige van mening is dat hul onderskeie gelowe glad nie 'n gemeenskaplike agtergrond deel nie.

"In hierdie kritieke tyd vir die Christene van die Midde-Ooste, moet ons poog om deur produktiewe dialoog kommunikasie en samewerking tussen kerke te bewerkstellig," verduidelik Melki.

In stede daarvan om die reeks tot 'n ateljee te beperk, word *Cross Over* se episodes in kerke en kloosters verfilm. Die onderwerpe wat bespreek word sluit in gebed, die sakramente, sendingwerk en aanbiddingsmusiek. Die reeks sal ook wyer onderwerpe soos familie, opvoeding en die kunste betrek, soos gesien uit die Kerk se oogpunt.

BETREK KYKERS

Die program is gemik op kykers van alle ouderdomme en agtergronde, insluitende diegene wat nie godsdienstig is nie. Saam met die bespreking sal die episodes kort tydgleuwe insluit waarin lede van die publiek se menings gedeel word. Kykers sal genooi word om deel te neem deur elke week op sosiale media te reageer op 'n besprekingsvraag. Die vraag sal 'n week vantevore gegee word, wat aan kykers tyd gee om hul gedagtes en opmerkings te deel sodat hulle deel van die volgende gesprek kan vorm.

Met die 500-jarige herdenking in 2017 van die Protestantse Hervorming, word *Cross Over* op 'n strategies goeie tyd vervaardig. Die program is deels geïnspireer deur die gesamentlike verklaring onderteken deur die hoofde van die Katolieke en Lutherse Kerke in Swede in 2016. Hierdie ooreenkoms verklaar dat daar meer is wat die twee tradisies verenig as verdeel.

Die span hoop dat, deur die Christene te help om verby verskille te kyk, die reeks nie net verhoudings tussen denominasies sal verbeter nie, maar ook kykers aanmoedig om meer verdraagsaam te wees, en mekaar in die algemeen te aanvaar. Op hierdie manier wil SAT-7 ARABIES, met die *Cross Over* program, meewerk om sterk, vreedsame samelewings in die Midde-Ooste te help bou. ■

APOLOGETIESE PROGRAM SPREEK VOOROORDEEL AAN

'n Besprekingsprogram op SAT-7 ARABIES daag algemene wanopvattings oor die Christendom in die Midde-Ooste en Noord-Afrika (MENA) uit. Deur die kykers 'n ware beeld van die Christelike geloof te gee en om aanvaarding en eenheid te bevorder, beoog die program om mee te werk om die verspreiding van ekstremisme en anti-Christelike aanvalle teen te werk.

Omdat baie nie-Christene in die MENA totaal onkundig oor die Christelike geloof is, is hulle dikwels vatbaar vir gerugte wat vooroordeel aanmoedig. *The Accuser* weerlê misverstande deur deeglike verduideliking van die basiese beginsels van die Christelike geloof, insluitend die Heilige Drie-eenheid, die Bybel en die aard en karakter van Jesus Christus.

RESPEK VIR ALMAL

Elke episode van 30 minute het Christen gelowiges en nie-Christene as gaste wat bekende publieke figure of kundiges op hul gebied is, insluitende kerkleiers, aktiviste, akademici en regeringsamptenare. Behalwe die bespreking sluit die program liedere in wat die episode se tema weerspieël asook kort onderhoude waarin lede van die publiek hul gedagtes deel. Die stel weerspieël 'n tradisionele Oosterse atmosfeer waarin mense uit verskillende gelowe na mekaar kan luister en gemeenskaplike oortuigings kan vind.

Soos met alle SAT-7 programme, val die program nooit ander godsdienste aan nie en behandel alle kykers met respek en verdraagsaamheid. Ramzy Bishara, vervaardiger van die program, verduidelik: "Kykers het die reg om vrae te stel, en ons het die reg om korrekte verduidelikings te verskaf sonder om ander se oortuigings aan te val. Deur nie-Christelike gaste te nooi om op hul eie kundigheidsvlakke te praat, bied ons antwoorde in 'n taal wat nie-Christelike kykers sal verstaan. "

SPREEK VOOROORDEEL AAN

In Arabies is die program se naam "El Mikafaraty", wat letterlik beteken "iemand wat ander mense 'ongelowiges' noem". Die 20 episode reeks waarsku teen die gevare van veroordeling van ander gelowe en moedig kykers aan om ander te aanvaar soos hulle is.

"'n Groot deel van die MENA is ongeletterd, en dit maak die streek vrugbaar vir die verspreiding van vooroordeel. In *The Accuser* gee ons raad oor die hantering van mense wat haat en godsdienstige diskriminasie teen Christene en ander godsdienstige minderhede bevorder, "sê Bishara.

Terwyl baie nie-Christene in die MENA dieselfde vrae het wat gevra word deur skeptici regoor die wêreld, is sommige algemene wanopvattings gebaseer op skadelike gerugte. Dit sluit die idees in dat Christene wapens in kerke wegsteek of onwelvoeglike dade doen tydens byeenkomste.

The Accuser korrigeer misverstande, soos die oortuiging dat die vers "God is liefde" (1 Joh. 4: 8) beteken dat God owerspel goedkeur; of dat Christene nie getrou aan hulle land is nie, op grond van die woorde "ons is vreemdelinge en bywoners" in 1 Kronieke 29:15. Die program verduidelik die ware betekenis van hierdie verse en beklemtoon die positiewe bydraes wat baie MENA-Christene aan hul eie nasie gemaak het.

"ONS KAN MEKAAR VERSTERK"

Die program moedig ook eenheid binne Christelike denominasies aan deur te beklemtoon wat hulle saambind. Om hierdie etos te verduidelik, sê Bishara: "Ons kan die verskeidenheid onder Christelike denominasies 'n seën maak, in plaas van 'n vloek. Ons kan mekaar aanvul en sterker maak."

Om 'n wyer gehoor met die program se positiewe boodskap van eenheid en vreedsame saamleef te bereik, beplan die span om *The Accuser* gratis aan 'n nasionale Egiptiese televisiekanaal te bied. ■

Kopiereg © 2018 SAT-7

Kontakbesonderhede in SA:

Posbus 72646,
Lynnwoodrif
Pretoria 004
SUID-AFRIKA

www.sat7sa.org
southafrica@sat7.org
+27 83 628 6488
+27 12 807 2763

Bankbesonderhede in SA:

SAT-7 South Africa
ABSA / Takkode : 632005
Tjekrekening : 93-1343-4717
Verstrek asb naam en adres
met inbetling

MAAK
LIEFDE
SIGBAAR